
# STROOM~OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
EERSTE TERMYN 1988

# Affies is 68

**Op 28 Januarie het Affies sy 68-jarige bestaan gevier.**

*In hul vol getalle het die leerlinge van beide skole op die seuns se pawiljoen vergader. 'n Geskiedkundige gebeurtenis het plaasgevind toe die bekende balk sáám deur die meisies- en seunsprefekte gedra is. Die balk is afkomstig uit generaal Piet Joubert se huis — destyds gebruik as gebou vir die eerste suiwer Afrikaanse skool — Affies!*

Die verrigtinge is geopen met Skriflesing en gebed deur Jan-Albert van den Berg. Ellen Nicol en Luan Kloppers het onderskeidelik die skole gelukgewens met hul verjaarsdag. Juffrou Venter, hoof van A H M S, het voortgegaan met 'n praatjie oor die skool se geskiedenis. Nieteenstaande die "sagte" luidsprekerstelsel het haar treffende boodskap tog oorgekom. Bedankings is gedoen en daarna het beide die skole, met trots, hul skoollied gesing.

Die dirigente het toe die leisels oorgeneem en die nuwe Affie-gees het "ontpop". Daarna is die rugbyveld bestorm en is daar lekker piekniek gehou. Tussen die eet, drink en lag deur, is nuwe vriendskappe en hegter bande gesmee. Na 'n uur van vreugde is die leerlinge traag terug skole toe.

'n Tradisieryke 68 jaar is gebou op:
Ek sien haar wen!
Laat daar lig wees!

# Interhoër: Meisies wys wat in hulle steek

"Go, go, go bloues you know what they say
Go, go, go bloues you'll make it someday!"

"Someday" was beslis Donderdag 3 Maart — Interhoër. Dit was 'n dag waarop elke meisie trots was om 'n leerling van AHMP te kon wees. Die atlete, dirigente en gees was puik!


Wat die atletiek betref, is die seisoen op 'n hoë noot begin en ook afgesluit. Die eerste atletiekbyeenkoms op Brits se dogtersafdeling is gewen deur AHMP en deur die loop van die seisoen het die atlete net verbeter. Uitsonderlike prestasies is ook op Interhoër gelewer deur Sunette Swart (gewigstoot o/17), Juanita du Plooy (gewigstoot en skyfwerp o/15), Stefnie Hoffman (spiesgooi o/15) en Anja Smit (spiesgooi o/14).

Affies se atlete het sewe eerste plekke, tien tweede plekke en elf derde plekke op Interhoër behaal en agtien dogters het gekwalifiseer vir die Noord-Transvaalse Kampioenskappe.

Die skool se gees het egter op huissport groot kommer gewek. "Iets" was fout, en wat kon daaraan gedoen word? Sonder om op hulle te laat wag het die ses dirigente, Petro, Sharon, Anka, Betsie, Wilma en Brenda, aan die werk gespring.

'n Vlammetjie van gees het begin flikker, later sterker gebrand en ten einde kom 'n reënerige Inter hom nie eens blus nie. Soos die hoofmeisie tereg gesê het: "Vanjaar is die jaar wat Affies die beste dirigente gehad het, met die beste hoofdirigent, wat hulle die mooiste gelyk het, en die oulikste nuwe liedjies gemaak het" . . . en die pragtigste ponies gehad het!

Affies – 'n nuwe standaard is gestel op die baan sowel as langsaan. Daar mag net hierop verbeter word!



*Hedwig Venter, D o/14, het al baie punte vir die skool ingewin met haar goeie tye in die 800 m.*

# *Interhoër 88 onvergeetlik*



*Frikkie Hartog in aksie (Hekkies seuns o/19).*

**Die Interhoër van 4 Maart 1988 het net soveel opwinding ontlok soos vorige jare. Die atlete was almal goed voorberei. Die feit dat Affies derde gekom het, was definitief nie te wyte aan die feit dat die Affies nie fiks was nie. Die Affies het net hulle bes gedoen en omtrent almal het van die baan gestap met die wete dat hy op sy vorige beste verbeter het.**

Affies was ook verantwoordelik vir 'n paar mooi prestasies en die volgende atlete het eerste plekke op die baan behaal:

Jac Ferreira, hardloop 1,55 in die 800 m S o/17

Nico Duvanage hardloop 50,1 in die 400 m S o/17

Stephan Venter nael 56,7 in die 400 m S o/ 19

Jannie du Plessis 24,8 in die 200 m S o/14

Christo Potgieter 51,6 in die 400 m S o/16

4 x 100 S o/16 aflos

4 x 100 S o/17 aflos.

Die volgende atlete behaal eerste plekke in die velditems:

Koot van der Walt 12,4 m in gewigstoot S/o/19

Phil Mostert — 14,43 m in gewigstoot S o/17

Jannie du Plessis — 5,97 m in verspring S o/14 (ewenaar rekord).

Spesiale vermelding aan Jannie du Plessis wat die baanrekord in die verspring vir S o/14 met 'n afstand van 5,97 geëwenaar het.

Daar word egter 'n beroep op al die o/15 en o/16 atlete van vanjaar gedoen om 'n vriend saam te bring en volgende jaar vroeg te begin oefen. Daar is definitief leemtes wat gevul sal moet word en as Affies in die toekoms weer bo sou wou uitkom, sal daardie leemtes gevul moet word.

Groot dank aan al die afrigters en organiseerders vir u harde werk en toewyding. Baie van die sukses wat die atlete op die baan behaal het, kan aan hul harde werk toegeskryf word. 'n Besondere woord van dank aan mnr Gordon vir puik werk betreffende die organisasie van die atletiekspan.

Affies moet oefen, Affies sal en móét die gevreesde bly.

**Stéphan Venter**



*"Affies-se-ma" vir 39 jaar lank al, word deur Villiers Terblanche geluk gewens met haar verjaarsdag.*

# AHM SE HOOF SÊ . . .

**"Girls you are a winning team . . ." Dis wonderlik! Die woorde het waar geword!**

Ons atletiek is op die wenpad! Vir elke talent sê ons dankie aan ons Skepper. Baie dankie aan elke dogter én afrigter wat hierdie jaar haar bes gedoen het. Baie dankie vir toewyding en opoffering — ons weet mos dat niks wat die moeite werd is sonder harde werk tot stand kom nie!


*Mej A Venter, die hoof.*

Ons swemmers is wenners! Baie dankie aan mej Bothma en haar helpers én baie dankie en veels geluk, swemmers! Ook hier was baie harde werk, opofferings (sonder 'n swembad) en spangees verantwoordelik vir hulle sukses.

In hierdie skrikkeljaar is daar 'n nuwe gees gebore. Daar is nuwe lewe — selfs 'n nuwe koor! Affies, kom ons vat hande en ons hou dit so!

Ouers, vir u samewerking sê ons ook baie dankie! U het u al bewys as vennote. Mag al die projekte wat ons hierdie jaar aanpak weer tot voordeel van ons skool wees. As u nog nie aktief betrokke is nie, maar graag wil saamwerk, skakel asseblief die OOV-voorsitter, mnr M Bolsens by 86-2000 of die -sekretaresse, mev M van der Walt by 666-8950.

Personeel, baie dankie vir u onbaatsugtige arbeid elke dag! In die klaskamer vind onderwys van die hoogste gehalte plaas — daarvan getuig ons uitslae. Op elke kultuurterrein (dit sluit sport in) word uitstekende diens van die gemeenskap is vanjaar sommer maklik!

**L Venter**


*Mnr T L P Kruger, die hoof staan by AHS se bewese suksestrofeë.*

# Die Hoof se boodskap

Die jaar 1988 het al ver gevorder. Alles dui op 'n mooi jaar. Eerstens toon ons skool 'n getallegroei, want daar is alreeds veertig seuns meer as wat daar oorspronklik vir 1988 beplan is.

Verder heers tans 'n pragtige gees op alle terreine. die akademie word ernstig benader met die eksamen op hande, in die sport word uitgeblink, waar Affies onder andere die Interhoër swem vir die soveelste keer gewen het. Die sosiale verbintenis tussen die seuns en die meisies verbeter by die dag.

Mag ons naam deur middel van Stroom-op voor die wind deur 1988 gedra word.

**Hoof**

# Omskep 'n verleentheid in 'n geleentheid

**Ds K Beukes**

Daar kom tye in elkeen van ons se lewens wanneer dinge net nie reg wil uitwerk nie. Ons beplan iets, net om later te ontdek dat dit nie so uitgewerk het soos wat ons dit wou hê nie. 'n Meisie miskien oor wie jy baie drome gedroom het, sien jy wegstap met 'n ander ou; 'n prestasie wat jy wil bereik en dit het jou ontglip. Ander dinge kan ook bydra dat ons moedeloos voel, voel asof ons 'n totale mislukking is. Wie van ons beleef nie een of ander tyd neerslagtigheid nie?

In die Bybel lees ons dat Paulus se planne ook nie altyd vir hom reg uitgewerk het nie. Hy wou nog aangaan met sy werk, toe beland hy in die tronk. Nie omdat hy 'n misdadiger was nie, nie omdat hy kwaad gedoen het nie, nee, júis omdat hy goed gedoen het. Juis omdat hy die evangelie aan die heidene verkondig het, het die Jode hom vervolg. Toe hulle hom wou doodmaak, het laasgenoemde as Romeinse burger, hom op die keiser beroep en sit hy in Rome sy verhoor en afwag.

Kyk, as daar nou iemand was wat die reg gehad het om te mor en te kla dan was dit Paulus. Hy sit nie net in die tronk nie, hy word nog vasgeboei aan Romeinse soldate. Maar Paulus omskep sy haglike situasie in 'n geleentheid: elke keer wanneer die wagte omruil, verkondig hy aan die nuwes die evangelie. Daarom kon hy aan die gemeente van Filippi skrywe dat die hele keiserlike wag die evangelie gehoor het, dat ander se geloof deur sy boeie sodanige verstrek is dat hulle ook vir die Here getuig (Fil 1:12-14). Van die vernaamste kenmerke van sy brief aan die Filipense is: DANKBAARHEID EN BLYDSKAP.

Hoe het Paulus dit reggekry? Ons kan ook elke *verleentheid* in 'n *geleentheid* omskep as die Here ons lewens sodanig oorheers dat Sy liefde te alle tye die oorhand kry. Staan op, lewe, glimlag, oorwin — want die Here is met jou!

# BIOLOGIE-KLUB

**Die meisieskool se Biologie-klub het hierdie jaar met lus en ywer weggespring en het die skool vroeg-vroeg in kennis gestel dat hulle arteries nie kan voorbly met die vervoer van soveel energie nie.**

Hulle beplan interessante dinge om die jaar te doen en vir die Biologie-Klublede sal daar definitief nie een vervelige oomblik wees nie. Daar is drie staptoere by Harrismith, New Castle en in die Oranje Vrystaat vir die lede gereël. Dit beloof om groot pret te wees.

Hulle gaan ook vir 'n dag hul fietse gryp en na die Hartebeespoortdam toe trap om daar "pofadder" en "paddaboutjies" te nuttig.


Die klub wil ook vir nuwe lewe in die gedenktuin sorg. Allerhande lekker dinge sal ook gebrou word.

Die Biologie-klub is definitief die klub om aan te behoort.


*Julle los my koeksisters uit!*

# Die Affies groet mev Prinsloo

Vir Affies en vir Stroom-op veral is dit 'n hartseersaak om hierdie termyn van mevrou Erika Prinsloo afskeid te neem. Mevrou Prinsloo was vanaf 1982 tot 1988 aan AHMP verbonde en in die tyd het sy vir drie en 'n kwart jaar die Stroom-op behartig. Sy het ook Afrikaans en Noord-Sotho gedoseer. Affies en Stroom-op is jammer om iemand van haar kaliber te verloor. Nietemin word sy alle voorspoed toegewens waar sy nou na Groblersdal verhuis het.


*Ma ........*

# Boodskap van hoofseun

Ek rig baie graag 'n boodskap aan Affies, die Gevreesde: Affies het nie vanself gevorder tot waar hy vandag staan nie; daar is hard oor die oud-Affies geslagte heen gewerk. Dit is ons plig en voorreg om te help bou aan dié skool waarop ons almal so trots is.

Iemand het eenmaal gesê: 'n mens kan die helfte van die Affies wegjaag, en die skool sal net so goed bly funksioneer. Hierdie stelling is dalk baie kras, maar baie waar. Dit is dieselfde leerlinge wat rugby speel, wat kultureel beoefen, wat akademies hul deel doen en wat die skool ondersteun.

Ek rig my in besonder tot die "lae-profiel" Affies. Kom, laat ons bietjie nuwe gesigte sien, en laat ons almal deelneem, en ook jý jou kant bring. Laat ons nie eendag daarop roem dat ons op Affies was nie, maar in ons harte weet dat ons niks beteken het nie. Dit is seker nie tradisie om dié klas van dinge aan te raak in 'n boodskap vir die Stroop-op nie, maar daar word gevoel dat ons dit aan mekaar verskuldig is dat elkeen sy deel sal bydra.

'n Harde termyn lê voor, Affies gaan 'n gemerkte span wees, maar Affies het die vermoë om bo uit te kom. Kom ons geniet 1988, en ek dink dat Affies dit net sal geniet, as hy die beste is!


*Villiers Terblanche — Hoofseun van die Afrikaanse Hoër Seunskool.*


# Boodskap van die Hoofmeisie

**In ons samelewing, in ons lewens en veral in ons skool is "prestasie" 'n baie belangrike begrip. 68 jaar se ryk en kleurvolle tradisie moet lewendig gehou word en waar moontlik moet gestreef word na beter en beste. Dit is hierdie strewe na perfeksie wat van Affies 'n topskool op talle gebiede gemaak het. Swemgalas word gewen, beste Afrikaanse sprekers word afgerig, digters word bekroon, sportvroue vereer en komponiste ontdek.**

Te midde van hierdie soeke na volmaaktheid is dit egter nodig om 'n oomblik krities na die situasie te kyk: waarom móét jy die beste wees? Hoeveel van dit wat jy doen, maak jou gelukkig? Daar is 'n verskil tussen gebalanseerde perfeksie en perfekte balans. Die tyd vir 'n klemverskuiwing van perfeksie na balans het moontlik aangebreek.

Dit is nie nodig om in alles uit te blink nie. Dit is wel nodig om in die vyf jaar tyd wat jou in hierdie skool gegun word, tot 'n vol mens te ontwikkel. Dit is nodig om belang te stel in die wêreld hier buite. Dit is nodig om tyd te hê om jouself te wees en te doen wat aan jou geluk en 'n gevoel van rykdom verskaf.

Probeer om in hierdie jaar binne die raamwerk van geluk te presteer. Werk voluit om dit te bereik wat vir jou belangrik is. Ek hoop dat jy dan eendag na die rooi stoepe en die bokkie sal kan kyk met trots in jou hart en dat jy as 'n voller mens bereid sal wees om steeds te bou aan ons skool se tradisie en beeld.


*Ellen Nicol, hoofmeisie van die Afrikaanse Hoër Meisieskool.*

# Oud-Affie behaal 'n mylpaal vir Afrikaans

**Katinka Heyns, ons Oud-Affie van die termyn, is ma van vyf kinders, eggenote van skrywer Chris Barnard, aktrise, onlangs regisseuse — 'n gesinsmens, kunsmens en aardse mens.**

**Katinka was in die Afrikaanse Hoër Meisieskool waar sy in 1964 gematrikuleer het. Die Universiteit van Pretoria het die daaropvolgende jaar 'n nuwe dramadepartement begin. Alhoewel sy na matriek aanvanklik 'n BA-graad wou studeer, het drama toe haar aandag getrek. Van haar mede-studente aan die UP was George Ballot, asook Sandra Prinsloo wat dieselfde jaar as Katinka aan die AHMP gematrikuleer het.**

Katinka het in verskeie bekende films soos *Pappa Lap, Jannie Tot Siens* en *Katrina* en ook in TV-reekse soos *Willem* gespeel. Sy was van die begin af baie krities oor die keuse van rolprente waarin sy sou speel: "Ek dink dit is baie belangrik om die regte keuses en regte besluite al in die begin van jou lewe te maak."

Katinka het egter onlangs bekendheid verwerf as regisseuse van die rolprent "Fiela se kind". Sy wou nog altyd 'n Afrikaanse rolprent maak om 'n bydrae te lewer tot die bedryf, maar kon net nie die regte storie kry nie. Hierdie roman van Daleen Matthee was presies waarna sy op soek was. Sy het dan ook die verhaal net so oorgeneem in die film om reg te laat geskied aan die boek en dit met dieselfde eerlikheid oor te dra.

Haar man, die bekende skrywer Chris Barnard, het die draaiboek van die film geskryf en daaraan alleen het hy ses maande bestee. Omdat hy ook daarby betrokke was, kon hulle saam slyp en skaaf aan die storie.

Die kind speel 'n belangrike rol in die rolprent. Katinka is van mening dat baie kinders 'n natuurlike vermoë het om toneel te speel, en net iemand nodig het wat hulle kan wys hoe om dit na vore te bring. Ook die plattelandse kind het 'n ongekunsteldheid en spontaneïteit wat 'n toneeltjie soos die volstruise jaag maklik maak.

Alhoewel die film in die eerste plek nie 'n politieke stelling wil wees nie, glo Katinka tog dat dit kan bydra tot onderlinge rassebegrip. "As jy enigiets sê oor die politieke verhoudinge in ons land, moet jy dit met baie teerheid sê en met 'n soort deernis. Jy moet fyn grap in die pietersielie."

Vir Katinka is die gesinslewe baie belangrik. Daarom het sy aanvanklik getwyfel aan 'n loopbaan in die dramawêreld, omdat dit so onstabiel is. Die geboorte van haar twee kinders was vir Katinka 'n hoogtepunt en sy probeer dan ook om soveel tyd moontlik aan haar kinders te bestee en wil nie werk ten koste van haar gesin nie.

Sy dink vandag met groot waardering terug aan iemand soos juffrou Holtzhauzen. Danksy haar geweldige belangstelling in die kunste was dit vir die leerlinge moontlik om gereeld balletopvoerings, operas en teateropvoerings by te woon. Haar pa se inspirasie het egter ook vir Katinka baie beteken. "Terwyl jy jonk is, het jy soms net een persoon nodig wat in jou glo. Dit was my pa."

Katinka is 'n veldmens en 'n aardse mens. Sy glo



*Carolien de Bruyn en Katinka Heyns in gesellige luim.*

# Oud-Affie van die termyn

dat daar in die wêreld baie maklik 'n vervlakking kan intree. Daarom moet 'n mens met albei voete vas op die aarde staan.

Sy beskou haarself as 'n vertolkende eerder as 'n skeppende kunstenaar, hetsy as aktrise of as regisseuse. Katinka bekommer haar nooit oor wat volgende sal gebeur nie, want sy weet die regte ding sal kom op die regte tyd.

Haar boodskap aan die meisies is: "Doen wat vir jou reg voel om te doen. Vertrou jou instink. As jy in iets glo, volhard net, want 'n droom is daar om te verwesenlik. As jy hard genoeg glo, en hard genoeg werk, kan jy enigiets verwesenlik."

Stroom-op en Affies wens Katinka van harte geluk met die lansie wat sy nou weer vir Afrikaans gebreek het en hoop dat sy daarop sal voortbou. Op sulke Affies kan 'n mens meer as trots voel.

**Carolien de Bruyn**

# ALLEGRO 1988!

**1988 het "allegro con moto" weggespring. Binne die eerste ses weke is 'n st 6-koor gestig, die strykensemble is aan die pizzicato en Affie-meisies was gaste by kamermusiekaande by hul bure AHS, en hul Engelse bure, Boys' High.**

*'n Standerd 6-koor, susterskoor van die huidige skoolkoor, is gestig onder die bekwame hande van mej Niebuhr bygestaan deur mej Burger. Dit is gedoen om in 'n groot behoefte by standerd 6-dogters wat jare getrou in die laerskole gesing het, te voorsien. Dinsdae-oggende trek twee koorklanke deur die skool soos daar geoefen word! Die standerd 6-koor sal aktief deelneem aan skoolaktiwiteite en kunswedstryde.*

Die strykensemble bestaan uit agt bekwame lede wat die viool, altviool, tjello en kontrabas onderskeidelik bespeel. Hulle eerste optrede een Vrydagoggend in die saal het getuig van baie potensiaal. Hulle is vanjaar onder die leiding van mej René Bezuidenhout, 'n nuwe musiekonderwyseres.


Sosiale skakeling het hierdie jaar met kamermusiekaande begin. 17 Februarie was 'n aand waarin hoogstaande instrumentale en vokale items gelewer is. Ria Groenewald, Chrisna Joubert en Annanda van der Watt het AHMS verteenwoordig. Die volgende week was die kamermusiekaand in die "Music Room" van Boys' High. Die Affies se verteenwoordigende getalle was hier nogmaals 'n bewys van die dogters se groeiende belangstelling in die samekoms van mense met musikale aanvoeling.

Die termyn gaan voort met 'n koorkamp, entoesiastiese lede van die musiekvereniging wat ma estoso-planne beraam, die eerste eksamen vir die musiek-as-vak-leerling, en sluit dan af met die Erekleurefunksie waar die koor en orkes optree. Stringendo, nie ritardando!



*Strykensemble aan't oefen.*
*Agter v l n r: Kato Odendaal (klavier), Ilze Steenekamp (viool), Ria Groenewald (viool), Anel Botha (tjello).*
*Voor v l n r: Idalette du Plessis (viool), Madeleine du Toit (viool), Marthali Brand (kontrabas).*

# Mooidam — hier kom die koor — Affies!



**Al is jy ook groot soos 'n huis of klein soos 'n muis, Lááánk soos 'n paal en rond soos 'n bal, Affiekoor aanvaar almal!**

"In só 'n ruim vertrek die vyf-en-veertig om, sowel as die vyftien nuwe koorlede Vrydagmiddag 26 Februarie op 'n genotvolle koorkamp om te gaan koor en koor en kóór sodat siende blind sal word en horende doof.

Daar aangekom, het almal hulle ewe luilekker op hulle slaapsakke (met 'n pruim in die een hand en 'n tros grasgroen sultanas in die ander) uitgestrek soos 'n arm man sy sente sal tel, het hulle die minute getel totdat tannie Martie en tannie Marietjie met smullekker joghurt en hoender met noedels en pynappel opgedaag het.


Saterdagoggend het nie die tradisionele pouse-fluit hulle laat ontwaak nie, maar wel 'n paar standerd neges se brommende gesels om vyfuur — wat 'n hele paar grommende matrieks tot gevolg gehad het! Dié dag was 'n dag waarin daar behoorlik gekoor was vanaf "Psalm 42" tot en met "My favourite things". Juffrou Elmi het later tot die gevolgtrekking gekom dat die poue bedreig gevoel het deur die koor se sang (asook mej Visser se altstem daarby!) en Mooidam dalk vir goed verlaat het!

Die kampvuurkonsert is met 'n gejil geoefen, alhoewel 'n paar lede hulle stemme byna met 'n hik weggeval het nadat hulle probeer het om van die perde bloots te ry.

Met die kersligete Saterdagaand, het die standerd neges verruklik in hulle crimplene beblomde rokke gelyk, terwyl "Mej Venter" en haar gesel (alias Emsie en Chrismari) groot opspraak onder van die ongelowige koor-Affies verwek het.

Sondagoggend is genade betoon aan sestig moeë (en snorkende daarby!) Affies, en daar was geen ontbyt nie, maar wel 'n kampkerk om agtuur. Na nóg 'n uur en 'n half se skone sang, is daar 'n heerlike "brunch" voorgesit waaraan hulle soos net ware Affies kon wegval. Net om seker te maak dat die baie volgraanbrood en lasagne nie nadelige (vet?!) gevolge sou gehad het nie, is die kamp afgesluit met 'n (om en by!!) drie kilometer se stap — bagasie en al — tot by die bus.

Alle ma's wat beangs was dat Mooidam dalk Voldam sou word (met verwysing na die wydverspreide reën en vloede oor die land) het hulle kinders Sondag 28 Februarie om twaalfuur met dankbare harte terugontvang.



# REDAKSIE 1988

**Redakteur**
Jan-Albert van den Berg

**Sub-redakteur**
Jaco Steenkamp

**Kultuur**
Luan Kloppers
Louis Herman
Anton Beukes

**Algemeen**
Fanie Naude
Rian de Bruyn
Chris Steyn

**Sport**
Louis Koen
Gerrit Brand

**Foto's**
Hans Gildenhuys
Henk Boshoff

**Redaktrise**
Ellen Nicol

**Sub-redaktrise**
Brenda Maree

**Kultuur**
Anneri Bezuidenhout
Liana Loubser
Karen Visagie
Sunél Smith

**Sport**
Sally Myburgh
Tienkie Blom

**Foto's**
Liesl Pieters

**Algemeen**
Carolien de Bruyn
Soina van Niekerk

**Reklame**
Lia Chrissopoulos

**Medewerkers**
Janine Brown
Esther Botha


## REDAKSIONEEL

# Jy kan gelukkig wees

**J A VAN DEN BERG**

Wat is geluk? Is dit dalk die Flossie wat soos 'n kromstert-pterodaktilus opstyg onderweg na die operasionele gebied, opstyging van geluk vir die militaris, is dit dalk 'n paar onderskeidings vir jou, rekords op die atletiekbaan, die voorreg om 'n Wit-Bul te wees of om geluk te vind saam met haar of heel miskien dalk self gelukkig te wees ...?

Volgens die HAT (Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal) is geluk 'n "toestand van tevredenheid of vreugde" — moontlik dit waarna elkeen van ons streef? Maar hoeveel van ons vind werklik hierdie pot goud aan die einde van die reënboog?

Ons Affies was, is en sal gelukkig wees. Die afgelope termyn het dit aan ons bewys. Op akademiese gebied dawer die sukses van 'n puik groep matrikulante deur die lug. Op sportgebied troon Affies uit in atletiek, krieket, swem en rugby, kultuur se naam word hoog gehou — ja, Affies se naam word hoog gehou!

Tog het ons teleurstellings gesmaak . . . 'n derde plek wat nie 'n eerste wou word nie, 'n "anderster" beoordelaar, noem maar op . . . Tog, ja weer eens tog het geluk geseëvier, want wie het tog gesê dat daar nie nog groter geluk saam met elke teleurstelling kom nie?

Affies is geluk ons doel? Sal ons altyd geluk ervaar? Sal geluk altyd lekker wees?

Nee, só moet ons nie redeneer nie. Nie geluk as motief nie, maar eerder dankbaarheid, saam met dienswilligheid dan volg geluk ook in vyf groot letters agterna.

Is jy gelukkig? — Dalk nie? — Een termyn is alreeds verby, daar lê nog twee voor — Affie, jy kan gelukkig wees! Wees diensbaar, wees te alle tye dankbaar — jy sal oorwin, geluk ervaar?

"Klim in!" kom die cliché altyd, dit is egter waar, doen jou bes en jy sal oorwin, jy het oorwin — die eerste termyn met al sy bedrywighede is oorwin — ons almal het oorwin! Nou gaan jy egter voorwaarts, die tweede termyn in, die res van jou lewe met die wete dat jy geluk sal smaak!

Daar is Iemand wat geluk vir jou sal gee, altyd, hou aan Hom vas, glo en oorwin! Onthou: Hy sê in Sy Woord in Fil 4:13: "Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee" God is by jou — altyd — geluk is jou deel!

**ELLEN NICOL**

Eerste termyn is sinoniem met atletiek. Vir sommige 'n eindlose marteling, vir ander weke wat draai om die spil van Saterdae.

Oor die algemeen wil dit voorkom of hierdie jaar 'n verbetering op vorige pogings was — op die gebied van beoefening sowel as bemoediging. Motiveringsprojekte by die dosyne het die lig gesien en dit het gewerk. (Dis wonderlik wat 'n mens met 'n bietjie inisiatief kan bereik.) Volgens die kenners brand daar sowaar voor in die wapad 'n lig wat die atletiekspan aanbetref.

Interhoër was beslis 'n hoogtepunt. Die meisies het nie die sangbeker gewen nie. Hier was hulle tweede. In die stryd om die geesbeker was hulle besliste oorwinnars. (Tog jammer dat 'n buitestaander geen ware maatstaf het om interne gees mee te bepaal nie.)

Dit lyk of die termyn op sportgebied geslaagd was. Mag die kultuur en akademie net soveel kalklig en ondersteuning later in die jaar geniet.

✉ ✉ ✉ ✉ ✉

# Aandag, alle feministe!

"Huisvrouens is minderwaardig!" "Die vrou gaan die toekoms beheer." "Ons staan vir niks terug nie." Sulke uitroepe en nog vele meer weerklink die afgelope tyd uit die geledere van die meisieskool.

Ek is nie 'n "chauvinis" nie. Ek wil net graag die regte perspektief op hierdie saak werp.

'n Volk wat glo dat die stryd tussen mans en vrouens op gebiede soos politiek, die besigheidswêreld en ander beroepe belangriker is as die opbou van die volk van môre, is 'n volk wat besig is om te sterf.

'n Gemeenskap wat neerkyk op die doel van 'n moeder, en waarin vrouens alles geleer word, behalwe die behartiging van 'n familie, die versorging van hul mans en die skep van 'n toekomstige generasie, is 'n gemeenskap wat besig is om onder te gaan. Die historikus kan die presiese punt van verval van 'n volk aandui — Wanneer vrouens mans wil wees en as sodanige wil kompeteer.

As die man tot groter hoogtes styg, dan moet die vrou saam met hom styg, of selfs 'n trappie bo hom wees. Maar sy moet styg as 'n vrou, as 'n moeder, en nie as 'n man nie!

Gaan dus voort, presteer, en bereik hoë hoogtes, maar moet nooit vergeet waar die steunpilaar van ons volk lê nie!

**Rian de Bruyn**

✉ ✉ ✉ ✉ ✉

## *Geagte Redaktrise*

**Ek het geen griewe of klagtes nie. Affies is wonderlik en ek is seker daar is baie wat my opinie sal steun.**

In alle geval wil ek graag 'n voorstel voor die deur lê. Dit is:

Aangesien ons talle buurskole, nl onse geliefde Seunshoër oor die straat, Girls High, Boys High en Pro Arte het, meen ek dat daar op sosiale vlak meer kontak moet wees. Nie net sal dit meer vriendskappe tot gevolg hê nie, maar ook die kennismaking met die Engelse kultuur.

Om dit te bewerkstellig, stel ek nie dadelik 'n sokkiejol voor nie. Eerder 'n samekoms by een van die bogenoemde skole om aan die ander te wys hoe elkeen 'n Republiekdag of Stigtingsdag vier. Dit sal heel interessant wees en daarna sal 'n piekniek die verrigtinge afsluit waar, nie net die skoliere nie, maar ook die onderwysers, mekaar beter kan leer ken. Van daar af, met so 'n goeie begin, kan die sokkies en ander sosiale byeenkomste gereël word.

Ek vra dus dat die Affies asseblief aan die Stroom-opredaksie sal laat weet indien hulle ten gunste van die voorstel is.

**Friedie Jacobs St 7B**

✉ ✉ ✉

Elke keer as 'n sokkie gehou word, bons my hart buite verhouding van opgewondenheid, maar, o wee, 'n sokkie is ook nie meer 'n sokkie nie! Die diskriminasie teen 'n mens wat nog regtig wil sokkie — al word dit 'n toontrap en vastrap genoem — is darem te erg. Ek meen, as 'n mens na 'n sokkie toe kom, is dit tog met die doel om dit te geniet. Nou vra ek jou hoekom word daar dan nie 'n kans gegun aan 'n sokkie-Affie nie? Maak spasie vir die vasdansnasie!

**Fifi**

Hier is nou iets wat my baie na aan die hart lê — sokkiejol! Ek wil graag 'n "versoekie" aan u rig dat daar vir 'n slag 'n ordentlike sokkie gehou word. Die sokkies stel my vreeslik teleur aangesien dit meer 'n "disco" as 'n sokkie is. Skenk asseblief aandag aan my versoek.

*Hartlike dank*
*Liewe Lulu*

*Het die organiseerders van die sokkies dalk iets hierop te sê? — Red.*

✉ ✉

✉ ✉

Aandag alle anti-Feministe, manlike chauviniste ens.! Hier volg 'n paar gedagtes neergestip deur 'n vrou:
- Feminisme is die leer en strewe na maatskaplike en ekonomiese gelyke regte van die vrou met die man.
- 'n Feminis is dus nie iemand wat soos 'n man wil wees nie, inteendeel.
- Vandag se vrou wil slegs as die man se gelyke (op alle vlakke) gesien en aanvaar word.
- Sy kan haar plek in die samelewing so goed soos enige man, AS VROU, volstaan.

Ek haal graag vir C. Louis Leipoldt aan wat gesê het: "Waak oor die stem! Let op die siel! **Behou die beste wat ons nasie het – die vrou".**

# Oud-Affie van die termyn

## Dr Salmon Joubert
## (Parkhoof Nasionale Krugerwildtuin)

**Dr Salmon Joubert is op 30 Junie 1941 in Pretoria gebore as seun van genl-maj en mev C J Joubert. Sy skoolopleiding begin hy aan die Genl Andries Brink Laerskool te Voortrekkerhoogte. Vanaf 1955-1959 was dr Salmon Joubert 'n leerling aan die Afrikaanse Hoër Seunskool.**



Dr Salmon Joubert — 'n man op die wenpad.

Op 9 April 1965 tree hy in die huwelik met Johanna Elizabeth Jacobs en uit die huwelik is twee kinders gebore. Hester Magdalena is 'n eerstejaar B Sc-student aan UP en Christoffel Jacobus is 'n st 9-leerling aan Nelspruit Hoërskool.

### Opleiding

Dr Joubert se Weermagopleiding doen hy aan die Leërgimnasium te Voortrekkerhoogte en gedurende 1974 doen hy die Pelotonbevelvoerderskursus aan die Danie Theron Krygskool.

Sy universitêre opleiding verloop as volg: B Sc, met Plant- en Dierkunde as hoofvakke en Geologie en Entomologie as byvakke vanaf 1961-1963 aan die Universiteit van Pretoria. Vervolgens behaal hy sy B Sc Honn Natuurbestuur in 1967; M Sc (Natuurbestuur met lof, 1971 en die D Sc Natuurbestuur in 1976).

### Loopbaan

Gedurende Januarie tot Oktober 1964 werk dr Joubert in die Sabie-Sand Wildtuin waarna hy op 1 November 1964 as veldwagter in die Nasionale Krugerwildtuin diens aanvaar.

Vanaf 1 November 1964 tot Februarie 1967 is hy veldwagter te klipkoppies — Mala-Mala — dié veldwagterskwartiere verskuif later na Mooiplaas.

Aan die einde van sy studieverlof word hy na die Navorsingsafdeling as Assistent-bioloog oorgeplaas en word tot Maart 1971 te Punda Maria gestasioneer. Vanaf April 1971 word dr Joubert as die senior-navorsingsbeampte na Skukuza verplaas.

Dr Joubert het ook opleiding as vlieënier en het nagenoeg 3 000 vliegure wat sy opgebou is deur ekologiese lugverkennings en -opnames asook lugfotografie wat sy taak effektief aanvul.

Sy werksywer en besonderse belangstelling in sy werk, bring teweeg dat hy in 1976 tot Beheernavorsingsbeampte bevorder word. Dié pos beklee hy tot Maart 1987 en vanaf April 1987 is hy die Parkhoof van die Nasionale Krugerwildtuin.

Dr Joubert het met volgehoue diens dié hoë sport bereik — altyd net sy héél beste gegee. Hy wys weer eens dat volharding oorwinning beteken. Sy veelsydigheid blyk ook uit die feit dat hy vroeër tennis, krieket en muurbal gespeel het. Tans speel hy gholf en draf ook gereeld.

# Skaakmat!

**Die dogters van AHMP het 'n nuwe strategie bedink om die lewensmoegheid van die skaakklub skaakmat te sit . . .**

*Na 'n hoogs suksesvolle skakeling met AHS se skaakklub, is daar briljante blink planne bedink. Die klub het besluit om die volgende "slim skuiwe" te maak:*

- Meer "informele" toernooie (Dit sluit AHS in)
- Uitstappies (om een aand lewensgrootskaak te gaan speel)
- Unieke T-hempies (wie kan Russies lees?)
- Meer "informele" toernooie (Dit sluit AHS in)
- Uitstappies (Om een aand lewensgrootskaak te gaan speel)
- Unieke T-hempies (Wie kan Russies lees?)
- 'n Skaakkoerantjie (Kyk uit vir die eerste uitgawe)
- Inter-Affie skaaktoernooi.
- Pretmiddae (Uitspeelwedstryde)
- En les bes – goeie, stewige middagetes tydens ligas!


Terloops, bogenoemde planne berus op die "Touch-Move" reël. Oningeligtes: As jy die skaakstuk aanraak, moet jy dit skuif . . .


Wie die planne uitvoer? Die regering, natuurlik.
Amptelike Tuiste: Kasteel
Amptelike Vervoer: Die perd
Koningin: Elize van Antwerpen
Onderkoningin: Susaar Ribbens
Lid (sosiaal): Biskop Lalie Basson
Lid (reklame): Biskop Thea van der Merwe
Lid (finansies): Biskop Chrisna Joubert



*Dié bal-dadigheid kom beslis nie by 'n sokkie voor nie!!*



SUZUKI















# AHS blaasorkes


In Affies het mens al gewoond geraak aan 'n blaasorkes, 'n blaasorkes wat by verskillende geleenthede optree en ook by die skool self die gewyde sang tydens saalopeninge begelei. Hierdie orkes is een van die aktiwiteite wat grootliks bydra tot die skepping van 'n unieke karakter en tradisie in die skool, maar wat is dit wat dié orkes aan die gang hou? Definitief nie harde oefening nie. Een uur twee maal per week is nie die meeste wat enige orkes nog ooit geoefen het nie, nee, miskien is dit eerder die feit dat dié orkes 'n plek vir almal het, maak nie saak of jy enige musiekondervinding het nie.

Om die waarheid te sê, seker die helfte van die lede het geen vroeëre ondervinding op musiekgebied nie. Dit is juis wat so verbasend is. Vir jare al leer mense wat niks van musiekteorie af weet nie ander mense om instrumente te bespeel. As jy dan nie note kan lees nie, dan kyk jy maar na die drukke wat iemand vir jou onder die notebalk ingeskryf het.

Hierdie jaar het die orkes onder die leiding van mnr Taljard en Luan Kloppers, dirigent, al hoogtepunte beleef. Baie van die ou musiek wat oor die jare vergete geraak het, is weer ingeoefen en word nou met groot sukses gespeel. Dan is daar ook nog 'n hele klomp nuwe musiek afgerol en uitgedeel. Nou kon die skool amper elke week met 'n nuwe stuk musiek verras word.

Die orkes bestaan uit agtien aktiewe lede en hierdie jaar is hulle ook gelukkig om 'n groot getal standerd sesse by te kry wat binnekort self sal kan speel. Die gehalte van werk wat gelewer word, is hoogstaande en die orkes het 'n besige program voor hulle, onder andere 'n kunswedstryd en 'n optrede saam met 'n massakoor later in die jaar. Met al die entoesiasme wat in die orkes opgemerk word, kan 'n mens slegs die beste vir die komende jaar verwag en seker wees dat dié tradisie altyd sal voortduur.

**Gerrit Brand**



## Uniek, Interessant anders ... Valentynsdag by Affies!

**Vir die eerste keer in jare het Seunshoër en Meisieshoër saamgewerk om Valentynsdag 'n sukses te maak.**

*Was dit dalk die mooi ronde getalle van '88 wat alles 'n ander kleur geverf het? Die meisies sê: dit was heerlik om die ouens hier te kon onthaal!*

Dae voor die tyd is kaartjies geskryf, idees uitgedink om 'n geliefde se hart bly te maak en reëlings getref vir die groot dag.

Sommige was oorbluf deur die vorm, grootte en oorspronklikheid van die kaartjies. Hier het die oorywerige geldinsamelende standerd neges vir baie oorspronglike idees gesorg, elkeen om 'n reuse wins uit die dag te maak. Groot was die vreugde toe die matrieks van AHS hulle eweknieë in AHM met 'n enorme rooi kaart wat deur al die matriekseuns onderteken is, verras het.

Alhoewel baie mense sê dat Valentynsdag net 'n mors van geld is, het Affies dit anders bewys, en sal dit hopelik ingesluit word by hul roemryke tradisies.



# Addisionele wiskunde as 7e vak by Affies

**In 1985 het die Wiskunde-klub Addisionele Wiskunde informeel aangebied — in die eerste jaar was daar nog nie leerlinge wat die vak as sewende vak aangebied het nie.**

In 1986 het die prentjie verander en 3 leerlinge skryf in om Addisionele Wiskunde deur die GMR te skryf. Die uitslae was goed — met 'n A-simbool deur Phillip Page — sy sewende onderskeiding en 'n B deur Jan-Hendrik Grobler.

1987 skryf 3 leerlinge in en Patrick Kohler behaal 'n A+ en Johan Beukes 'n B-simbool.

'n Belangrike punt is dat uit die 230 inskrywings by die GMR — slegs 3 van die leerlinge Afrikaanssprekend was. Affies maak dus 'n deurbraak op hierdie gebied. Vroeg in 1988 laat weet die GMR dat die sillabus verander en dat hierdie vak nou oor 2 jaar aangebied moet word — leerlinge moet dus reeds in st 9 inskryf om die Addisionele Wiskunde vraestel in st 10 te kan skryf.

Met baie hulp en bystand van prof Engelbrecht is daar 'n student beskikbaar gestel om st 10 Addisionele Wiskunde aan te bied terwyl die st 9 groep hierdie jaar onder leiding van mej Jenny Wilson klas loop.

Die klub se voorsitter is Johan Yssel met die st 9-sameroeper Mathuys Engelbrecht. Hulle het groot dankbaarheid vir prof Engelbrecht aangesien hy handboeke voorsien het. Hierdie handboeke kos om en by R30,00 stuk.

In verband met die vak — dit is hoofsaaklik eerstejaar universiteitsvlak aspekte wat ingesluit is en is van groot hulp in Wiskunde, Fisika en Statistiek.

Daar **is** nog tyd — kom skryf gerus in — Affies doen **weer** sy beste!

# TRUK besoek AHS en AHMP

*"If thou more murmur'st, I will rend an oak, and peg thee in his knotty entrails till Thou hast howl'd away twelve winters"*
**— The Tempest**

**Deur lewendige, kunstige en onkonvensionele visuele aanbieding van uittreksels uit standerd 9 en 10 voorgeskrewe werke teen karige stilistiese dekor, is die essensie van dié werke waarskynlik vir meer as twaalf winters — in die ontvanklike leerlinge se geheues vasgepen.**

Op Maandag, 15 Februarie 1988 het TRUK-toneelgeselskap, met dramatis persone Johannes, Anna, Pieter en Isabel, beide die Seun- en Meisieskole besoek — 'n welkome onderbreking in die skoolroetine. Die aanbieding het Afrikaanse prosawerke soos **Die Rentmeesters** en "De Dood van Cuchulainn van Murhevna" ingesluit. Ook Afrikaanse gedigte, grepe uit die ru gekastigeerde skooluitgawe van **The Tempest** en Engelse poësie is gedramatiseer.


**Kritiek**

Hoewel die optrede in geheel genoeglik was, was die spel soms oorfiguratief en oordrewe — waarskynlik omdat 'n lekegehoor veronderstel was.

By die Seunskool is hartlike dank uitgespreek omdat die vertoning dié slag, in teenstelling met verlede jaar, deurlopend van aard was.

Afrikaanse Hoër Seunen Meisieskool bedank TRUK hartlik.

**Fanie Naudé**
**Anneri Bezuidenhout**
**Lianna Loubser**





*Thomas en die Latynklas verkeer gesellig saam.*

# Die klassieke kullery

Die Maandag na Interhuis was daar 'n buitengewone verloop van gebeure in die Latynklas. Villiers Terblanche en Thomas Marinkowitz het 'n ooreenkoms van buitengewone formaat aangegaan. Indien Villiers daarin sou slaag om Maandagmiddag in die 100 m 'n derde plek of hoër te behaal, sou Thomas vir hom drie liter Liquifruit bring. Indien nie, sou Villiers weer drie liter moes bring.

Toe Thomas teen Donderdag nog nie sy Liquifruit gebring het nie, is hy op 'n ongewone wyse herinner.

Die Vrydag toe hy dit bring, is hy ingelig dat Villiers die wedloop reeds Vrydag gehardloop het!

**Hans Gildenhuys**

# Klassieke Klub 1988

"DIVERSA SUM" — ek is anders. Enigiemand wat al die Latyn-T-hempies van hierdie jaar gesien het, sal weet dat dit die Latynleerlinge se lewensmotto is! As jy dus wil uitstaan tussen 'n skare, behoort aan die Klassieke Klub! Almal (nie net die Latynleerlinge nie) kan aan die klub behoort — die ledegeld beloop R1,50 en elke lid ontvang 'n kenteken wat sy op haar skoolrok mag dra. Die st 8, 9 en 10-Latynleerlinge kry elk 'n beurt om 'n program vir die Klub vir een termyn te reël. Een meer klassieke en een gesellige (meestal iets met eetgoed by!) item word per termyn aangebied. Dan is daar ook nog een video-aand per termyn wat slegs deur die st 8-10-Latynleerlinge bygewoon mag word. Elke week word daar ook 'n interessante feit oor die rare gewoontes van die Romeine buite K 19 opgeplak — maak gerus 'n draai daar — jy sal nie spyt wees nie! Die bestuur van die Klassieke Klub wat vir al hierdie jaar se oorspronklike idees verantwoordelik is, is:

**Voorsitter:** Karin van Marle
**St 10 lede:** Maria Botha
Lizelle van Huyssteen
**St 9:** Lidia Mössmer
**St 8:** Rachel Kruger
**St 7:** Margo Pretorius
**St 6:** Annie Malan

# Matrieks besoek UP

**Jaarliks het die meisies van AHMP die besondere voorreg om persoonlik deur die lektore en lektrises van die Universiteit van Pretoria oor hul onderskeie belangstellingsvelde ingelig te word.**

**Op Maandag 22 Februarie het die standerd 10-dogters wat beoog om in 1989 aan UP te studeer, die universiteit besoek. Hulle het almal in die Aula vergader waar hulle na 'n leersame en amusante "Tukkie-fliek" gekyk het. 'n Geselsie oor die studentelewe, -werk en -pret het gevolg waarna hulle verfris is met yskoue vrugtesap. Daarna is elke groep na die verskeie departemente geneem en verder ingelig oor die fynere besonderhede van die betrokke studierigtings.**

**Vir menige het deure wawyd oop gegaan en nuwe moontlikhede het op die horison verskyn. Die besoek was vir elkeen leersaam en 'n ondervinding duisend. Affies sê dankie!**

# AHS Redenaarskursus — 1988

**Maandagaand, 18 Januarie, het 'n handjievol seuns begin met 'n rekenaarskursus. Die daaropvolgende twee Maandagaande is waardevolle onderrig ontvang van dr Albert Kloppers (seniors) en mev Marié Heese (juniors).**

Die Affie-entoesiasme het weer hoogty gevier. Dié twee groepe, het onder leiding van hul leerkragte, na van die volgende onderwerpe gekyk: die spraakprosesse, taal, tegniek, soorte toesprake, versameling van stof en dan natuurlik na die inleiding liggaam en die slot van 'n goed geordende toespraak.

Vrydagaand, 5 Februarie, is 'n kompetisie in A H S se saal, vir al die kursusgangers aangebied. By die juniors sowel as seniors was dit 'n taai stryd. Die beoordelaars het behoorlik kop gekrap om by die wenners uit te kom. Johan van Backström het die senior afdeling gewen en Jacus Engelbrecht en Johan van Huysteen het sáám met die louere by die juniors weggestap.

Die kursusgangers het dan ook net die hoogste lof vir dr A Kloppers en mev M Heese vir hul opoffering en geduld met die Affies. Ook die personeel wat betrokke was, verdien 'n woord van dank.

Die kursus was beslis die moeite werd en alle Affies word aangeraai om dié kans aan te gryp, wanneer dit ookal in hul rigting kom.

**Louis Herman**

# "Dit gaan voor die wind. . . !"


1988 het nuwe betekenis vir elke ACSV-lid van die Afrikaanse Hoër Seunskool gekry in die eerste termyn waarin daar opnuut gelewe is in die Here.

In 'n termyn propvol bedrywighede het die ACSV nie alleen gegroei in sterkte wat getalle betref nie, maar ook in sterkte in die Here. In oorleg met ds T Bosman van die NG Gemeente Pretoria-Oos is 'n tema, nl "Wie is U, Here" vir die jaar gekies. Alle bedrywighede het en sal dan ook hierom gesentreer.

Elke tweede week is daar Bybelstudie gedoen, terwyl die res van die program ingekleur is met "lekker-gesels", saam sing, saam lag en die belangrikste, saam bid".

Die hoogtepunt van die afgelope termyn was sekerlik die kamp te Magaliesburg gehou die naweek van 26-28 Februarie. Onder leiding van die personeel en bestuur is almal weer as Christene verryk. Dit was 'n heerlike naweek waarin daar diep gedink en gepraat is, lekker geëet is, saamgespeel is en nog vele meer gedoen is!

Dit is met groot dankbaarheid dat daar teruggekyk kan word aan 'n baie geslaagde eerste termyn. Alle lof, eer en dank aan ons Skepper wat dit vir ons moontlik gemaak het en aan die personeellede in besonder mnr P van Rensburg 'n groot woord van dank vir al die harde werk en opoffering.



*Roelf Odendaal se salige uitdrukking spreek boekdele.*

# Matriekbal 'n groot sukses

Na verlede jaar se suksesvolle matriekbal is daar besluit om dit hierdie jaar te herhaal, aangesien daar 'n behoefte by die matrieks ontstaan het om mekaar beter te leer ken.


Die Meisieskool het die reëlings in hulle hande geneem en die woord "bal" was op elke matriek se lippe. By beide skole is daar gespekuleer oor wat almal gaan aantrek en groot was die opwinding toe die groot aand aanbreek op Donderdag 28 Januarie.

Soos gewoonlik het almal voor die saal saamgedrom en daar was vele "oe's" en "aa's" oor almal se skeppings. Die kleredrag het gewissel van aandrokke en tuxedo's tot guerillauitrustings en 'n "cowboy" met baard en rewolwer.

Die vasdansery, wat vir menige paartjie 'n struikelblok was, is gougou bemeester en daar is gedans vir 'n vale. Daar was oorgenoeg plek om te dans, die kos was uit die boonste rakke en byna al die matrieks was teenwoordig. Sowaar 'n wenresep!

Vele nuwe vriendskappe is gesluit na die bal en almal het mekaar beter leer ken. Die bal was 'n reusesukses en die vraag wat almal nou vra, is: wat van 'n herfs-, winter- of lentebal?

# Akwa-Bal in Affies



*Die Akwa-Balbestuur. V l n r: H Rooseboom, J du Toit, G Praekelt, G Brand en H Gildenhuys. Afwesig: H Boshoff.*

Die meeste Affies is seker lankal bewus van die vele prestasies wat leerlinge buite skoolverband in Akwa-bal behaal het. Hierdie sport, een van die vinnigste groeiende sportsoorte in Suid-Afrika, word deur baie Affies gespeel en een van dié leerlinge, Herman Rooseboom, het reeds aan die einde van verlede jaar in die provinsiale proewe Noord-Transvaalkleure verwerf. Die gevoel onder die Affies was oor die algemeen dat dit tyd geword het vir die skool se eie AKWA-klub en só onder die leiding van die tydelike voorsitter, Johan du Toit, is opnames gemaak, name opgeneem en 'n klub op die been gebring.

Affies is nou een van die enigste drie skole in die land wat 'n Akwaklub het. Die ander skole is Tiervlei Hoër en Benoni-Oos se Hoërskool. Die grootste privaatklubs in die land, is die Bloemfontein Titanics, die Stellenbosch Pactanklub en die Benoni klub. Die Pretoria A S B R, waaronder Affies onder andere val, is nie so 'n sterk klub nie, maar vinnig aan die groei.

Die lede van die eerste span vir 1988, is Herman Rooseboom, Henk Boshoff, Gustav Praekelt, Johan du Toit en Gerrit Brand. Met die hulp en afrigting van dr S P Barnard word 'n groot jaar vir die klub voorspel. Die vier wedstryde gaan by Sun City in Bophuthatswana gespeel word en 'n toer na Europa word beplan. Die klub se amptelike ledetal staan op 87 en meer spanne sal binnekort op die been gebring word. Die skool se oog is veral op die juniors waar ook groot dinge verwag word.

Akwa-bal het 'n goeie begin by Affies gemaak.

**Gerrit Brand**

# Veldskool 1988

Donderdagoggend, 11 Februarie 06h00 ... Groot afwagting heers onder die groepie st 8 seuns en hul onderwysers wat wag om na die Veldskool te Schoemansdal te vertrek.

Die busse het, blykbaar as gevolg van swaar verkeer, eers om agtuur by die skool aangekom. Ook maar goed so: verskeie Affies het verslaap en die groep was eers half-agt voltallig.

Teen ongeveer drieuur het die busse die veldskool bereik. Na 'n verwelkoming deur die veldskoolhoof is die seuns na hul onderskeie slaapplekke geneem. Hierna is daar aangesit vir 'n "heerlike" bord kos. Die Affies het effens later gaan slaap as wat beplan is en ook die onderwysers se nagrus ietwat verkort. Dat dit hulle nie baie beïndruk het nie, kon duidelik aan die volgende oggend se ete gesien word.

Die tyd is bestee aan lesings, lesings en nogmaals lesings. In die aande is verskeie praktiese oefening soos laternbekruip, kompasmarse en vermomming gedoen.

Dinsdag het die tog berg-op begin. Die Affies het effens gemurmureer oor die rugsakke wat hulle moes dra, maar alles het toe tog verloop soos dit beplan is.

Dinsdagaand was 'n laat aand vir die groepleiers wat na 'n "verlore skaap" moes gaan soek, wat op die ou end nie eens verlore was nie.

Die Affies het ook 'n aandeel in die ontwikkeling van die veldskool gehad deurdat hulle 'n aantal waterpype gelê het. Ongelukkig was die entoesiasme effens hoog en is een van die pype per ongeluk afgespit. Dit het veroorsaak dat hulle 'n rukkie sonder water moes klaarkom.

Op Vrydag, 19 Februarie, kom 'n groep moeë, maar tevrede Affies en die nog moeër onderwysers teen ongeveer 13h00 by die skool aan. Almal stem saam dat 1988 se veldskool 'n groot sukses was.

**H Stander 8E**
**(Chris Steyn)**

# Glenmore-veldskool dóén iets aan 'n mens!

**Gedurende die week van 11 tot 19 Februarie was Affies 'n halwe skool. dit was die tydperk toe die standerd 8-meisies op veldskool was, 'n week waartydens vele veranderinge plaasgevind het, hetsy groot innerlike veranderinge of klein fisiese veranderinkies.**

**Die veranderingsproses het begin plaasvind op Donderdag 11 Februarie om eenuur die oggend. Swart Donderdag of dalk 'n blou Maandag-bloue? Nee, dit het soos 'n rooi Donderdag gevoel: 'n rooiletterdag, waarop die veldskool so te sê begin, en 'n sonrooi dag waarin 'n warm dertien uur-rit na Glenmore veldskool afgelê moes word.**



Die veldskoolooms het die standerd 8's gou laat besef dat die week nie sou volg nie 'n seevakansie gaan wees nie, maar veel meer. Wat daardie "veel meer" ingehou het, het hulle weldra agtergekom.

Al het dit in die begin gevoel asof die "veel meer" te doen gehad het met die kilometer-lange "draffies", was dit tog nie die doel van die veldskool nie. Op Glenmore-veldskool het hulle geleer om in spanne saam te werk. Elkeen is met 'n bepaalde nommerplaat, wat om die nek gehang is, in 'n sekere groep en subgroep geklassifiseer. In hierdie spanne het hulle gekompeteer op alle vlakke, van die hindernis-, avontuur- en litereabaan tot lanternbekruip, sandkasteelbou en skrifkonsert.

Die see het natuurlik ook 'n groot rol gespeel. Films en praatjies oor haaie, strome ensovoorts kon die spul Transvalers nie van die see af weghou nie. As hulle nie geswem het nie, het hulle skulpe opgetel, in die son gelê, geduik en kastele en embleme gebou. Die seevoorregte is natuurlik nie so mildelik uitgestort soos hulle graag sou wou gehad het nie, maar 'n mens moet darem nie 'n veldskool en 'n seevakansie met mekaar verwar nie. Tog het hulle die nodige ontspanning op die strand gevind.

By Glenmore het die standerd 8's geleer om bewus te word van hul God, hul naaste, die natuur en hulself. Hulle het hierdie dinge beleef en toe teruggestaan en dit bewonder.

Glenmore is voorwaar veel meer as net 'n gewone veldskool, dit het elke standerd agt agtergekom. Hulle het ook groter waardering gekry vir die onderwyseresse wat moes bontstaan as juffrou, verpleegster en ma.

Nou is hulle terug as doodgewone Affies en tog ook nie meer doodgewoon nie: Glenmore-veldskool dóén iets aan 'n mens!

# Stel jou voor ...

John-John met beenhare
Oswald sonder sy *broer* se kar
Jan Kruger met "stove pipes"
Clifford sonder 'n knipmes
Adrian sonder sy bles
Arno op sy honderdtal
Ollie sonder sy ("cool") houding
Daan sonder 'n blouoog
Beckley wat leer vir 'n toets
Hannes met lang hare
Henning met swart hare
Dirkie met volwassenheid
Benjamin sonder Christa (met Christa)
Hans wat nie iemand volg nie
Thomas wat betyds is vir klas
Cobus sonder sy Vespa
Bertus tevrede met die lewe
Gerrit sonder sy "spanners"
Rooseboom lid van die AWB
Rent sonder Morrisey
Len met deurmekaar hare
Es — 4 voet lank

**Sê-goed**


*John-John:* Ek is so verlief ek kan nie loop nie.
*Mauritz:* Ek moet alweer die hele kroos huis toe vat.
*Oswald:* Hooi! Ken julle ouens "Who's that monkey".
*Bob:* Ek gaan bedank, ek sweer.
*Bertus:* Jou goos.
*Rooseboom:* Noem my sommer "Jeff".
*Gerrit:* Ek kry Vrydag my jeep.
*Hannes en Mar-Jean:* Wie gaan ons kom haal, ons bly bietjie ver.
*Kobus Louw:* Ek raak só depressed van THE CURE.
*Jan Vlok:* Ek dink ek sal die jaar eerste span speel, Ysterman deelneem, en comrades hardloop.
*Ollie:* Ek het alweer hoofpyn, jy weet mos my brein is te groot vir my breinkas.
*Dirkie:* Ag nee man, doen dit met 'n 6.
*Peet:* Dirkie jy is in 6.

# Identifiseer die volgende onderwysers:

1. Affies se kampvegter vir kultuur. Onlangs besteel. Minder kultuurbesittings as vroeër.
2. Nie te lang etniese leerkrag. Ook bekend as die "Rooi Baron".
3. Stil ... stadig ... ystersterk.
4. Neem uit die "Plastic" wat goed is en bou die toekoms daarop.
5. Geografies Fris.
6. "... en Matewis is haar kat."
7. "Dit is *nie* nou skoonmaakperiode nie."
8. Agdamesenherekollegas
9. %!?*
10. Rugby is nie 'n sitkamerspel nie maar akademie kom eerste.

# Uitpasseringsparade — 'n indrukwekkende gebeurtenis

**Die jaar 1988 is die jaar van uitsonderings — die Vaaldam oorstroom sy walle, Dias daag weer in die Kaap op, die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria presteer op sportgebied en dan natuurlik ook die nuwe eienaardige troepe wat ewe verwaand hulle opwagting by Keppiefonteinbasis gemaak het.**



*Liewe Ma ....*

Die groentjie-uitpasseringskonsert was die finale toets gedurende die oriëntering van die troepstanderd sesse. As gevolg van die feit dat die Weermag, onder leiding van 'n kundige bevelvoerder, Ellen Nicol, ingegryp het en streng dissipline toegepas het, was die uitpasseringsparade 'n indrukwekkende gebeurtenis.

Troepe het hulle talent vertoon — letterlik en figuurlik. Selfs Kleinjan kon nie anders as om huis toe te skryf nie. Voedselprobleme is opgelos, eksotiese troepuitrustings is vertoon en Brutus het weer eens vir Caesar gedood.

Netwerk het ook van hulle laat hoor en seker gemaak dat die hele Weermagbasis weet dat hulle hier net werk — nie speel nie! Generaal Susara van Blerk het al singende die gevoel van emosies van die nuwe onnie-generaals treffend uitgedruk met "Red my!"

Net toe die troepe oortuig was dat hulle binne enkele oomblikke ingelyf sou word, het sersant Betsie Botes duidelik van haar laat hoor en beswaar aangeteken teen sommige optredes van die troepstanderd sesse. 'n Rooigeklede (hoe dan anders) kommandant Venter het die verwilderde troepe te hulp gesnel. Met die sing van die Keppiefonteinskoollied is die gemoedere van ontstoke sersante en samejoors egter tydelik gesus en is die troepe eenparig aanvaar.

# Die St 6 Oriëntering

In St 5 het almal gehoor van die vreeslike ontgroening by Affies, tog vind die sesse uit dat dit egter glad nie so erg is nie. Die oriëntering (soos hulle dit noem) het almal gou by hierdie skool laat tuis voel. Gou is geleer van die skool se roemryke geskiedenis, die skoollied asook die erekode.

Die hoofseun, Villiers Terblanche en die hoof, mnr T Kruger, het baie moeite gedoen en 'n boekie genaamd "Die Nuwe Affie" laat druk. Hierin is al die feite wat nodig was vir die Affie-eksamen saamgevat. Laasgenoemde was die ergste deel van die oriëntering. Alle standerd sesse wat 'n persentasie van bo negentig gehad het, het 'n groen naamkaartjie ontvang. Dié met 'n persentasie van tussen sestig en negentig het 'n geel naamkaartjie ontvang; en die met 'n persentasie van onder sestig (daar was maar min van hulle) moes tevrede wees met 'n rooi naamkaartjie. Die doel van hierdie "kaartjiestelsel", soos Villiers dit noem, was om die standerd sesse te leer ken en ook om te sien hoeveel hulle bereid is om vir hul skool te gee.

Na die inlywingsprogram moes die sesse begin oefen vir die groentjiekonsert. Met minder as 'n week om te oefen het dit baie moeilik gegaan, maar onder die goeie leiding en afrigting van mnr Theron het 1988 se standerd sesse 'n groot sukses van die konsert gemaak. Dit was ook die eerste keer dat die blaasorkes aan 'n groentjiekonsert deelgeneem het.

Studente van Tukkies wat "geproef" het, het ook 'n paar items gelewer. Aan die einde van die konsert, het die groot oomblik aangebreek. Die ontheffingsseremonie. Na die seremonie is almal as ware Affies aanvaar.



*Standerd sesse sorg vir groot vermaak tydens die groentjiekonsert.*

## Direkteurstrofee-atletiek op 12 Maart 1988

Ongelukkig reën die byeenkoms uit maar Affies was oppad om hulle beste te lewer.

Die volgende medaljes is verower:

**Goue medaljes:** Nico Duvenage 300 mH S o/17; Jannie du Plessis VS S o/14 en 100 m S o/14.

**Silwer medaljes:** J Chidrawi VS S o/16; K Ferreira 100 m S o/17; Riaan Cloete 1500 m S o/15.

**Brons medaljes:** S Venter 400 mH S o/19; Koot v d Walt Gewigstoot S o/19.

Affies eindig derde

**Finale puntestand:**


Eerste — Waterkloof met 52 punte
Tweede — Piet Potgieter met 45 punte
Derde — Affies met 42 punte
Vierde — Nylstroom m 30 punte

# Unieke groentjiekonsert

Alles wat jy vir Affies gee, sal jy dubbeld terugkry.

Met hierdie woorde het 164 standerd sesse 1988 begroet. Maar by praat het dit nie net gebly nie — ons sesse kan ook doen.

Op Vrydagaand, 29 Januarie het die nuwelinge in Affies die eerste werklike geleentheid gekry om iets aan hierdie besondere skool terug te gee.



*Dirkie as 'n spioen in st 6-geledere.*

Vanjaar se groentjiekonsert was 'n unieke geleentheid in menige opsig. Onder leiding van mnr Theron en die standerd sesklasonderwysers is nie minder as sestien items deur ons jongelinge gelewer nie. Die items het gewissel van klaviersolo's, 'n blokfluitsolo tot by die resep vir 'n ideale Affie.

Die program is ook luisterryk ingeklee met items deur die blaasorkes en die besoekende studente.

Sekerlik die hoogtepunt van die aand, was die ontheffingseremonie. Tydens hierdie plegtige geleentheid het elke *nuwe Affie* die erekode ontvang en onderteken. In volle skooldrag geklee, het die standerd sesse die bekende "Affieboys", die skoollied en die Stem gesing.

Affies is voorwaar trots op so 'n junior groep. Mag die goeie gesindheid en entoesiasme waarmee dié geleentheid aangepak is net van krag tot krag gaan en ons wonderlike skool hierby baat.

Aan Villiers Terblanche, Luan Kloppers (die kwaaiste onderhoofseun op aarde), Jan-Albert van den Berg en al die prefekte, sê die sesse dankie vir al die moeite wat hulle met die oriëntering gedoen het.

**Johan Nel**
**St 6 Seremoniemeester**



*Agter v l n r: Nicolette Boegman, Maria Botha, Izeldi Gerber, Karin van Marle. Voor: Cecilia Rischmüller, Annette Wiese, Helana Herholdt.*

## Affies woon sakejeug simposium by

**Vier baie gelukkige Affies is op Vrydag 15 Januarie 1988 na die Holiday Inn hier in Pretoria. 'n Welverdiende vakansie was dit beslis ne. Hulle het die jaarlikse Sake-Jeugsimposium bygewoon, vergesel deur juffrou Du Plooy.**

Die simposium het om 14h30 amptelik begin en is op 'n baie mooi wyse met skriflesing en gebed geopen. Die lesings was buitengewoon interessant. Die sakewêreld se moontlike verandering en verbetering tydens die volgende twintig jaar is in oënskou geneem.

Die dag se verrigtinge is met 'n uiters genotvolle dinee afgesluit.

Saterdag, die 16de, is die lesings om 08h00 weer voortgesit. Met die simposium se afsluiting het elkeen 'n sertifikaat gekry. By registrasie het elk ook 'n gratis geskenk ontvang. 'n Grimeersakkie, skryfblok, pen en eksamentas het onder andere daaronder getel.

Dit is beslis iets om weer by te woon!

# Nuwe keppiefonteiners klaar in

**Aan die begin van 1988 het Kêppiefontein in chaos verkeer as gevolg van die oorbesending van troepe wat daar aangemeld het. As hulle nog 'n wins vir die militêre kamp was, sou sake dalk rustiger verloop het, maar hulle was niks meer as suurstofdiewe nie!**

Onmiddellik na hulle aankoms het die drie weke van basiese opleiding begin. Van meet af aan was dissipline en respek vir die sersante en samejoors ingedril. Nuwe reëls en regulasies moes geleer word en die kuns van vermomming en bekruiping is tot in die fynste detail verfyn. Sweet het getap en naels is gebyt, want die standaarde waaraan 'n fikse troepie moes voldoen, was hoog. Selfs 'n skriftelike eksamen moes afgelê word.

Die troepe se intelligensie en kennis moes tén alle koste nie bo dié van die sersante en samejoors wees nie.

Stadig maar seker is die Kêppiefonteinstandaarde by hulle ingeburger tot die finale toets toe vermomming, bekruiping, talent en driltegnieke vertoon moes word. Die sersante, samejoors en generaals was beïndruk en die troepe kon uitklaar as groen troepies en inklaar tot waardige Kêppiefonteiners waarop elke Affie vandag trots kan wees.



# Boodskap aan die nuwe Affies


Dit is goed om ideale te koester want idealisme lei tot realiteite. Hou egter jou ideale opreg, waardig en uitvoerbaar. Doen, vier en beleef dit wat goed en opbouend is vir 'n unieke, 'n polsende, 'n gelukkige hoërskoolloopbaan aan die Afrikaanse Hoër Seunskool.

Affies leer jou om te wen, te verloor en te begryp. In hierdie proses word van elke individu 'n toegepasde mens gemaak, want ons weet nie wat die toekoms vir ons inhou nie. Ons weet alleen dat dit 'n gevaarlike wêreld is en hoe beter ons voorbereid is, hoe beter sal ons kans op sukses wees.

In kort: Affies gee jou alles. Gryp dit aan, bou daarop en hou dié skool die "Gevreesde". Skakel in, lewer jou inset en jou beloning sal groot wees.


**Luan Kloppers**

# Sporthoogtepunte — Eerste Termyn




*Louis Beukes sorg vir 'n puik afstand van 49,12 m tydens Interhoër.*

*Tania Jerling stel 'n rekord op in die 100 m rugslag tydens Interhoër.*




*Karin Schoeman, ons sportvrou van die termyn, het die seisoen haar beste afstand van 5,22 in die verspring aangeteken.*





*Sunette Swart het 'n persoonlike beste van 12,56 in die gewigstoot aangeteken.*



*Anja Smit, D o/14 met 'n beste afstand van 27,94 m in spiesgooi.*




*Christine van Wijk, puik hekkiesatleet hier in aksie op pad na haar beste tyd van 14,0 in die 100 m hekkies.*



*Corné Pretorius smaak wennersvreugde (800 m seuns o/19 — Waterkloof)*

*Riana v Vuren, D o/16, seil hier oor 'n rekordhoogte van 1,63 m op die byeenkoms te Oos-Moot.*



## Rentmeester Span-kampioenskap vir Noord-Transvaal Hoërskole

Uit 35 skole wat deelgeneem het en nagenoeg 80 spanne, het Affies se junior en senior span met die louere weggeloop.

Uitslag van die **junior seuns:**

In die **eerste** plek Affies met 8 285 punte; in die **tweede** plek Gerrit Maritz met 8 260 punte.

Uitslag van die **senior seuns:**

In die **eerste** plek Affies met 12 415 punte; in die **tweede** plek Brits met 12 265 punte.

Mias du Plessis ontvang 'n goue medalje vir sy skyfwerp So/15. Jannie du Plessis en Phil Mostert ontvang elk 'n brons medalje vir hul verspring en gewigstoot onderskeidelik.

Die o/14 eindig tweede in hul ouderdomsgroep.

Die o/17 eindig derde in hul ouderdomsgroep.

**Beste prestasies:**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Mias du Plessis | skyfwerp So/15 | 52,66 | m | - | 1000 | Sasolpunte. |
| 2. Jannie du Plessis | verspring So/14 | 5,77 | m | - | 940 | Sasolpunte. |
| 3. Phil Mostert | gewigstoot So/17 | 15.45 | m | - | 900 | Sasolpunte. |
| 4. Barry Matthews | 80 m H So/14 | 11.7 | s | - | 875 | Sasolpunte. |
| 5. Barry Matthews | gewigstoot So/14 | 12.81 | m | - | 870 | Sasolpunte. |
| 6. Roche van Rensburg | paalspring So/16 | 3,58 | m | - | 865 | Sasolpunte. |
| 7. Jannie du Plessis | 200 m So/14 | 24.9 | | - | 860 | Sasolpunte. |



*Martin Jones op pad na nog 'n oorwinning.*

# Interhuissport

Dae lank voor die tyd is stemme opgewarm, spiere losgemaak en reëlings getref vir die groot dag van die Interhuissport. Soos so baie ander geleenthede was Interhuis 1988 ietwat anders as ander jare: Daar is kennis gemaak met 'n splinternuwe, baie geesdriftige koshuisspan, en as gevolg van omstandighede buite ons beheer, moes die sport uitgestel word tot na die naweek.

Twee komponente het daarvoor gesorg dat die dag 'n reuse sukses was: atlete en toeskouers. Die atlete het hulle skitterend van hul taak gekwyt en nuwe talent is geopenbaar wat die toeskouers betref ...

Nou ja! Hoewel sommige spanne geskitter het in hulle afwesigheid, het die Rooies en Geles kragte saamgesnoer om die Koshuis 'n bietjie kompetisie te gee — sonder sukses natuurlik. Wat betref die Groenes, was "Apartheid" die leuse wat tot die bittereinde geseëvier het.


Na 'n ondersoek is die volgende menings gelug:

St 6: vriendelik verplig

St 7: daar was niks om na te kyk nie

St 8: was nie daar nie
St 9: lekker kos
St 10: gevroke.

# Interhuis swem 'n verrassing



Affies se gesamentlike Interhuis-swemgala wat op 27 Januarie by Hillcrest gehou is, het iets bewys ... Affies kán swem as hulle wil!

Almal was aangenaam verras deur die standaard van die swem. Uitmuntende prestasies is deur leerlinge van beide skole gelewer. Verskeie deelnemers het ook vir die Noord-Transvaal Hoërskole kampioenskappe gekwalifiseer.

Daar is besluit om die gala by Hillcrest te hou ten einde die swemmers die geleentheid te bied om oor 'n standaard afstand met mekaar te kompeteer. Dit het die verdere voordeel gebied dat meer leerlinge die kans gekry het om deel te neem.

Die kompetisie is deurgaans met 'n goeie sportmangees benader en geen onaangenaamhede het plaasgevind nie. Die gala het besonder glad verloop en is afgesluit met 'n aflos waaraan 'n matriekspan van AHS, 'n span van AHM, 'n juniorspan van AHS en 'n onderwyserspan deelgeneem het. Natuurlik het die onderwysers die resies "gewen".

Met hierdie gala is die 1988 swemseisoen op 'n besondere hoë noot begin. Die Affies is die persone wat dié besondere gala so goed georganiseer het, baie dank verskuldig. Ook die maatskappy "Planpring", wat die pragtige sertifikate geskenk het, word hartlik bedank.

Met sulke nuwe standard 6 talent asook indrukwekkende entoesiasme en toewyding, kan die derde termyn se aflosgala's net 'n groot sukses wees. Al die swemmers word hartlik bedank vir hul opofferings, en met so 'n groepie, kan Affies se swem van krag tot krag gaan.

**Chris Steyn**

# RUGBY 1988

**Elke jaar gebeur daar in die eerste paar maande 'n paar dinge by Affies: die atletiek begin, die krieket kom aan die gang. Affies oefen hard aan swem en waterpolo en ook die sportsoorte wat reg deur die jaar gespeel word, soos tennis en gholf, geniet baie aandag. Kortom, Affies is omtrent dadelik 'n miernes van sportbedrywighede wat dag na dag voortduur en dan . . . rugby.**

Is dit nie maar waarna elke Affie die heeltyd buite die seisoen uitsien nie? In hierdie skool vervul rugby 'n baie belangrike plek en dié sport word opgepas en vertroetel soos 'n waardevolle skat, ook tereg, want dit is seker die aktiwiteit waarby die meeste leerlinge direk betrek word. In Affies se rugby is daar plek vir almal; amper meer o/13-spanne as leerlinge en dan nog tot 'n D-span in die o/14- en o/15-ouderdomsgroepe. As jy dan die seniorfase betree, is daar tien oop spanne waarin jy kan speel. Nee kyk, as almal dan nie uitsien na die rugbyseisoen nie, sien die meeste mense darem daarna uit.

Wat is die vooruitsigte vir Affies se rugby in 1988? Dis ook nie net die eerste span wat ter sprake kom nie, maar elke span tot by 'n o/13-span. Die Engelsman sê: "The self you see, is the self you'll be" en as dit waar is, wag daar groot dinge hierdie jaar vir Affies. Die wil is daar en as 'n mens dit eers het, kan 'n mens amper enige iets vermag. 'n Mens kan 'n gees van motivering en determinasie aanvoel. Woorde soos 'administrateursbeker' hang reeds lankal in die lug.

Wat die eerste span betref, kan 'n mens net die beste verwag en die rede hiervoor, is die wil om te presteer, maar ook die groot wedywering wat daar is onder spelers om die span te haal. Niemand is seker van 'n plek in die span nie, want met soveel nuwe seniors wat verlede jaar o/15 was en ook al die ander nuwe talent, sal elke speler moet bontstaan om nie gelig te word nie. As iemand 'n span graag wil haal en hy wil homself verbeter, wat doen hy? Hy oefen, hardloop, spring en doen gimnasiumwerk. Almal gaan dus fiks wees en 'n fikse span is 'n wenspan omdat hy tot die einde voluit kan speel.

'n Wedstryd wat hopelik mettertyd 'n tradisie sal word, is die een wat hierdie jaar vir die eerste keer in 'n lang tyd teen Grey Kollege gespeel word. Dié wedstryd en ander groot vriendskaplike wedstryde, soos teen Tom Naudé, Hugenote, Helpmekaar en natuurlik Boys' High, verleen iets aan Affies-rugby wat 'n mens nêrens anders sal vind nie en dit is hiér waar die res van die rugbyspelers in die prentjie kom. Elkeen speel hier vir sy skool en geniet sy rugby terdeë.

Die juniorspanne sal dié jaar met baie belangstelling dopgehou word. Verlede jaar se beroemde o/13-span is nou o/14 en soos gewoonlik ondersteun almal die o/15-span. Hopelik sal hulle ook soos verlede jaar se span, skielik baie beter speel en dalk 'n trofee huis toe bring. Die o/13's is almal nuwe outjies en dis hier waar die grondslag gelê word vir toekomstige eerste spanne, en sal die hele skool graag wil sien dat verlede jaar se sukses herhaal word.

Jy sien die 1988 rugby vooruitsigte in die lig van baie dinge, die puik matriekgees, die wil van almal om te speel en veral teen die steiltes van Smithstraat uit!

Affies gaan hierdie jaar elke wedstryd op een manier benader — wen, soos Poon du Plessis twee jaar gelede in sy toespraak gesê het: "Dit maak nie saak wie wen of verloor nie, totdat jy verloor". Die jaar 1988 is 'n jaar waarin rugby gaan wen!

**Gerrit Brand**




*1988 — Rugbyjaar!*

# Krieket

As daar gekyk word na die sukses van die eerste krieketspan gedurende die eerste termyn, kan 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat Affies se krieket, soos altyd, op die wenpad is.

Die seisoen het vanjaar besonder vroeg met 'n vriendskaplike wedstryd teen die sterk span van Hottentotsholland begin. Affies speel puik, en wen die wedstryd op 'n drafstap met nege paaltjies. Hoewel oefengeriewe ontbreek het, is daar nogtans hard gewerk onder leiding van mnre Gerhard Keyter en Hennie van Huysteen om Affies se krieket te lig tot die standaard wat verwag word. Daar moet ook genoem word dat die eerste termynliga (30 beurte) nie die Affies se spelstyl werklik pas nie.

Sake lyk egter baie rooskleurig, aangesien Affies sy afdeling van die liga oortuigend gewen het. Daar word gepoog om altyd goeie krieket te speel, en sodoende Affies se naam hoog te hou.



*Affies se Eerste Krieketspan in aksie.*


# SPORTMAN VAN DIE TERMYN:

## LEN SMALBERGER

Jaco Steenkamp

**Leonard Clark Smalberger is op 24 Augustus 1970 in Pretoria gebore. Hy is die jongste van 'n gesin van vier.**

As leerling aan die Laerskool Pretoria-Oos begin Len in standerd vyf aan atletiek deelneem. Dit is egter op hoërskool dat atletiek en landloop 'n belangriker deel van sy lewe word.



*Len Smalberger — atletiekkaptein van Affies wys sy slag.*

In 1985 word Len gekies as lid van die Noord-Transvaalse Landloopspan en woon hy ook die Suid-Afrikaanse kampioenskappe by waar hy 'n sesde plek behaal. Gedurende 1987 verwerf hy weer provinsiale kleure en hierdie keer as lid van die Noord-Transvaalse Atletiekspan. Hierdie prestasies in ag genome, was dit nie veel van 'n verrassing dat Len ook gekies is as Affies se atletiekkaptein vir die 1988-seisoen nie.

Len het hierdie jaar reeds vir uitsonderlike prestasies op die atletiekveld gesorg. Op Interhoër het hy 'n tweede plek in die 2000 m hindernis en 'n derde plek in die 800 m behaal.

Sy tyd oor die 800 m was 1 min 59 sek. Hierdie prestasies het hom in staat gestel om vir die Noord-Transvaalse kampioenskappe te kwalifiseer in die 2000 m hindernis en die 1500 m. Len hoop om, soos in die verlede, ook vir die Suid-Afrikaanse kampioenskappe te kwalifiseer.

Atletiek is egter nie die enigste terrein waarop Len sy deel vir Affies doen nie. Hy is 'n prefek, het al op die Leerlingraad gedien en het by drie geleenthede skoolerekleure verwerf. Op 'n vraag van Stroom-op oor wat sy wenresep is, het Len geantwoord dat sukses slegs deur harde en volgehoue oefening en geloof in die Skepper bereik kan word. Len is van plan om aanstaande jaar aan Tukkies verder te studeer, waar hy hoop om sy atletiek tot nóg groter hoogtes te voer.


# Affies se eie Springbok



**Affies het weer 'n Junior Springbokspanverteenwoordiger opgelewer en hierdie keer — glo dit as julle wil — in onderwaterhokkie!**

Pieter le Roux in st. 9 is ná afloop van die Interprovinsiale kampioenskappe op 27 Februarie as lid van die Suid-Afrikaanse Junior Onderwaterhokkiespan gekies. Noord-Transvaal is by hierdie geleentheid deur twee spanne, elk met agt spelers, verteenwoordig. Pieter was lid van die A-span. Die deelnemers aan die kampioenskappe is in twee ligas nl. A- en B-liga verdeel. Daar het 'n Noord-Transvaal, Wes-Transvaal en Vrystaat span in die A-liga gekompeteer terwyl die spanne van Noord-Transvaal B, Suidwes-Afrika, Wes-Transvaal (dames) en Wes-Transvaal B sake in die B-liga moes uitspook. Elke span het twee wedstryde gespeel en aan die einde van die dag is die Suid-Afrikaanse Junior span aangekondig.

*Stroop-op* wil graag van hierdie geleentheid gebruikmaak om Pieter namens die personeel en Affies van harte geluk te wens met sy uitsonderlike prestasie.



*Miĉhelle Phillips, swemkapteine wys haar slag in die borsslag.*

# Het rugby en atletiek nog bestaansreg?

**Hierdie is 'n vraag wat 'n mens jouself maklik kan afvra as die fenominale prestasies op swemgebied die afgelope aantal jare vergelyk word met prestasie op rugby- en atletiekgebied.**

AHS het vanjaar vir die agtste en AHM vir die vyfde agtereenvolgende jaar met die louere weggestap by die Interhoër swemgala. Dié het op 17 Februarie vir 'n hoogtepunt gesorg na 'n oefentydperk waartydens die seunspan onder leiding van mnr Nel en die dogterspan onder leiding van mej Bothma en mev Barkhuizen baie deursettingsvermoë en selfdissipline aan die dag moes lê om 'n oorwinning te verseker.

Met Menlopark, CR Swart en Overkruin as gedugte teenstanders, moes die swemmers alles uithaal en is werklik grootse pogings gelewer. Eerste plekke is behaal deur Henry Miles, Chris Steyn, Johan Bekker, Erich van der Linde, Ettienne Steyn, Tania Jerling (met 'n rekord in 100 m rugslag) en Michele Phillips. Aanvanklik, met die individuele items, het die dogters nie na regte presteer nie, maar die aflosse het oudergewoonte die deurslag gegee. Die seuns se aanvanklike voorsprong is ook versterk deur die aflosse.

Tydens die Topskolegala op 5 Maart is, ten spyte van 'n onvolledige span, ook besondere prestasies gelewer en eindig die seunspan vierde en behaal die dogters 'n sesde plek.

Ondersteuning was vanjaar aansienlik beter as voorheen, maar steeds nie na wense nie. Dalk kan die Affies met 'n bietjie meer onderskraging en aanmoediging een van die top swemskole in die Republiek word.

**Fanie Naudé**
**Tienkie Blom**

# Opwindende tennisseisoen in vooruitsig

**Tennis in 1988 by AHM lyk belowend. Die bo-15-spanne is reeds goed gevestig en ook die onder-15's lyk belowend. In die afgelope termyn is kampioenskappe gehou om die o/15's uit te dun en in spanne te verdeel. Die dogtersliga begin na die Aprilvakansie.**

Kanse lyk goed dat Affies weer hierdie jaar tot die Administrateursbekerkompetisie sal deurdring. Daar word uitgesien na 'n opwindende tennisseisoen!

# HOKKIE VAT VLAM!

**Aandag alle sportiewe en belangstellende Affies! Soos almal reeds al kon agterkom, het daar 'n drastiese verandering in AHMP plaasgevind. Die hokkie het vlam gevat!**

Daar het alreeds in die eerste termyn vele aktiwiteite plaasgevind, om nie eers te praat van wat vir die volgende termyn beoog word nie!

Elke hokkie-Affie is elke middag druk besig om hul hokkie-vernuf te verbeter en te bou aan hul goeie gees. Hokkietoernooie is gereël vir elke span en elke Affie is gereed en geïnspireerd op dit wat vir hul wag. Dank aan mevrou Van Straaten en al die ander onderwyseresse wat so hard werk om die hokkiejaar 'n sukses te maak.

Volgende termyn sien uit na 'n positiewe, fikse en gemotiveerde klomp hokkiespeelsters!

# SPORTVROU VAN DIE TERMYN:

## Karin Schoeman

**Karin Schoeman is op 29 Mei 1970 in Stellenbosch gebore. Haar belangstelling in atletiek het reeds in graad 1 sy kop uitgesteek. Sy het egter eers in st 5 in alle erns aan verspring begin deelneem.**

Stroom-op het 'n onderhoud met haar gevoer om meer van haar te wete te kom.

**Stroom-op:** Wat is jou gunsteling item en waarom neem jy juis aan atletiek deel?

**Karin:** Al neem ek ook aan die 100 meter deel bly verspring my gunsteling item. Ek sien atletiek as my stokperdjie en al verg dit baie moeite en tyd is dit egter nogtans ontspannend.

**Stroom-op:** Wat was jou beste oorwinning tot dusver?

**Karin:** Saterdag, 15 Februarie, met die byeenkoms by Waterkloof het ek 'n afstand van 5,20 meter gespring en daarmee die baanrekord gebreek. Hiermee het ek ook gekwalifiseer vir die Noord-Transvaal proewe.

**Stroom-op:** Het jy enige ander belangstellings buiten jou atletiek?


**Karin:** Ja, ek het verlede jaar vir die eerste hokkiespan gespeel en speel ook graag klavier.

**Stroom-op:** Wat sou jy sê dien vir jou as motivering?

**Karin:** Wel, as ek kyk na wat ek reeds bereik het, besef ek dat ek nog beter kan doen as ek net daardie klein bietjie harder werk. My afrigter motiveer my ook baie.

**Stroom-op:** Wat dink jy van die atletiek op die oomblik?

**Karin:** Wel, ek dink nie dit is al heeltemal na wense nie, maar het wel baie verbeter. Ek dink die aansporing en gees van die Affies het baie daartoe bygedra.



*Karin Schoeman het getoon dat daar altyd 'n oorwinning is vir 'n volharder!*

Typographically prepared by Wentzel Coetzer Printers, Tel 3232787, and printed by the Pretoria News (Pty) Ltd, 216 Vermeulen Street, Pretoria, Tel 3255382.